HOËRSKOOL DUINEVELD
VOLHARD EN OORWIN

Deur geleenthede tot uitnemendheid

Privaatsak X5886 Upington 8800 duineadmin@telkomsa.net
☎ 054 338 8222 054 338 8288 / 054 338 8299

Desember 2016

OMSENDBRIEF 4 van 2016

Geagte Ouers

Die jaar 2016 het ook tot 'n einde gekom. Ons dank aan ons Skepper vir al die seëninge vanjaar en dat Sy hand van bewaring oor ons was met al die reise op vêr paaie.

1. Uitslae 2016:

Baie geluk aan elke leerder wat suksesvol was en bevorder word tot 'n volgende graad in 2017! Ons is trots op ons leerders se goeie akademiese resultate.

2. Reëlings 2017:

2.1 Skool Heropen

Die skool heropen op **11 Januarie 2017** om **07:30**. Alle nuwe leerders kom **07:30** by **Huis Gordonia Meisiekoshuis** se **Studiesaal** bymekaar. U as ouers is welkom om die **saalopening** om **08:00** in die **Suidsaal** by te woon. Na afloop van die saalverrigtinge is u welkom om verversings saam met die personeel te geniet op die grasperk langs die Suidsaal.

Administratief sal ons reeds by die kantoor beskikbaar wees vanaf Maandag, 9 Januarie 2017 om 09:00. Koshuisleerders kan reeds **Dinsdag, 10 Januarie 2017** vanaf 8:00 arriveer.

2.2 Skoolure van Skooldag

Die onderrigtyd van Hoërskool Duineveld vir 2016 sal as volg wees:

Somer: (1ste en 4de kwartaal) **07:00 – 13:20**
Winter: (2de en 3de kwartaal) **07:30 – 13:50**

Ons het by 'n skoolhoofdevergadering probeer om die tye so te reël by die onderskeie skole om die minste ongerief vir u as ouer te veroorsaak. Let asseblief daarop dat alle hekke gesluit sal word gedurende die onderrigtyd van die skooldag.

LET WEL: ***Gedurende hierdie tye sal u slegs toegang tot die skool kan verkry by die*** *Algemene Kantoor* ***aan die Noordekant.*** Geen toegang tot die koshuise sal in skooltyd toegelaat word nie.

Upington Toyota

2.3 Klerebank:

Die Klerebank by die skool het gesluit. Alle skoolklere word verkoop by De Jagers in die dorp. Hulle kan vir u 'n beter diens lewer deur 6 dae 'n week oop te wees, en alle verstellings van klere vir u in die winkel te doen. Alle erekleure sal ook voortaan by De Jagers beskikbaar wees.

2.4 Boekstoor:

Indien u van die **bruikleen-handboeke,** wat gratis deur die skool aan u kind verskaf kan word, wil gebruik, moet u 'n **bruikleen-vorm** invul en onderteken om aansoek te doen vir die bruikleen-boeke.

Hierdie vorm moet aan die begin van die jaar (2017) saam met u kind na u kind se registeronderwyser gestuur word.

U kind dien hierdie vorm weer in by die skool nadat hy/sy die toepaslike boeke ontvang het en u as ouer/voog daarvoor geteken het. *Beskadigde boeke of boeke wat verlore is, sal deur u vervang moet word aan die einde van die skooljaar.*

Die **handboeke en skryfbehoeftes** wat **u self** moet koop, soos benodig en uiteengesit, is op die "communicator" en webwerf en kan aangekoop word by enige boekhandelaar wat u verkies. **Tweedehandse handboeke, wat deur uself aangekoop moet word,** kan in die Duineveld-boekstoor gekoop word, indien beskikbaar.

Die Boekstoor sal oop wees: **Maandag en Dinsdag, 9+10 Januarie 2017 van 9:00-14:00.**
Woensdag, 11 Januarie 2017 tot en met Vrydag, 20 Januarie 2017 van 13:30-15:00.

Die voorgeskrewe modules is ook beskikbaar by die Boekstoor.

2.5 Toetsreekse: Maart en September 2017:

Die CAPS voorskrifte noodsaak ons om aan die einde van die eerste en derde kwartaal tyd in te ruim vir 'n formele toetsreeks. Hierdie vraestelle sal vroeg in die oggend geskryf word en vir die res van die skooldag sal daar gewone klasse wees (sien datumlys). Ander assesseringstukke sal enige tyd gedurende die kwartaal voltooi moet word. Opvoeders is versoek om vroegtydig bespreekte datums aan leerders te verskaf.

Ek wil dit benadruk dat die leerders tydens hierdie toetsreeks nie bloktyd het om by die huis te studeer nie. **Ons gaan aan met onderrig na die toetse afgelê is.**

Leerders kan slegs in uiters dringende gevalle met 'n doktersbrief of sterfte-sertifikaat van toetse verskoon word. Ouers moet vroegtydig by mev. L. du Plessis (adjunkhoof) verskoning maak indien die leerder soos bovermeld afwesig gaan wees. Sodanige leerders moet onmiddellik met hul terugkeer na die skool by mev. du Plessis reëlings gaan tref om hul toets(e) te her-skeduleer.

3 Finansies:

3.1 Onderriggelde:

Die onderriggelde vir 2017 is vasgestel op **R13 400,00** per leerder per jaar. Die onderriggelde is slegs jaarliks, of kwartaalliks of maandeliks VOORUITBETAALBAAR. Indien u verkies om maandeliks u skoolfonds te betaal, is die bedrag R1 340,00 per maand verspreid oor 10 maande vanaf Januarie tot Oktober 2017. **Let asseblief daarop dat skoolfonds vir buitelandse leerders slegs jaarliks of kwartaalliks vooruitbetaalbaar is.**

3.2 Vakpakkette:

Daar is slegs ‘n vakpakket beskikbaar vir **Inligtingstegnologie** Gr. 10, 11 en 12 (agste vak) wat middae aangebied word. Hierdie addisionele bedrag beloop **R1 500,00** per leerder per jaar en is betaalbaar aan: *Persevera Trust by mev. Ria Louw by Finansies.*

3.3 Inbetaling van gelde:

LET WEL: Indien u gebruik maak van **direkte bankinbetalings**, wil ek u graag versoek om die **deposito-strokie** met die **volle doopname en van** van die ingeskrewe leerder daarop aan ons **te e-pos of te faks** vir aandag: mev. Ria Louw – Finansies by *admin2@duineveld.co.za of 054-3388288*.

Bankbesonderhede:

Hoërskool Duineveld / Hoërskool Duineveld Koshuise
Standard Bank, Upington: Takkode: 050704
Onderriggelde: Skoolrek. nr: 040 661 539 / Losies: Koshuisrek. nr : 040 663 094

U kan ook ‘n debietorder by mev. M. Myburgh kom teken. Hierdie fasiliteit word deur die skool aangebied en word sterk aanbeveel aan al ons ouers as opsie vir betaling**.**

Ons vra dat u asseblief **op al u korrespondensie** aan die skool u kind **se van en doopname asook u kontaknommers** skryf. Indien die inbetaling nie vir onderriggelde of koshuisgelde is nie, skryf asb. **waarvoor** dit is bv. O/*19A-rugbytoer*.

Vir enige verdere inligting of navrae skakel mev M. Myburgh of R. Louw (finansies) by 054-3388222 tydens kantoorure.

3.4 Korting op Skoolgelde:

Neem asseblief kennis dat aansoeke vir **vrystelling en korting** op onderriggelde sluit op **24 Maart 2017**. Aansoekvorms is beskikbaar by die kantoor (mev M. Myburgh – Finansies). Aansoekvorms moet *asseblief volledig* ingevul word; heg alles aan soos op die vorm gevra. **Onvolledige aansoeke kan nie verwerk word nie**. As u aansoek nie betyds of volledig is nie, sal u ten volle aanspreeklik bly vir die gehefde onderriggelde.

Op die Oueraand van 20 Oktober 2009 is die toelatingsbeleid vir Hoërskool Duineveld goedgekeur waarin die ouers instem dat die goedgekeurde skoolfonds afgedwing kan word op elke ouer wat sy kind by Hoërskool Duineveld inskryf.

Vir meer inligting rakende die korting en kwytskelding van onderriggelde, kan u by mev M. Myburgh of die skoolhoof navraag doen.

3.5 Koshuisgelde

Betalings van skool- en koshuisgelde kan gedoen word vanaf **Maandag, 9 Januarie 2017 vanaf 09:00** by die skool se admin. kantoor. Op **Dinsdag, 10 Januarie 2017** kan betalings van **skool- en koshuisgelde ook** by die **Senior- en Junior Seunskoshuise**, asook by die **Meisiekoshuis** gedoen word.

ONTHOU ASB!

*Koshuislosies is **vooruitbetaalbaar** **vir elke kwartaal**, alvorens ‘n leerder in die koshuis toegelaat sal word.* ***Losies vir 2017 is R17 500,00.***

U kan dit as volg betaal: **Losies 2017: R17 500 per leerder per jaar – betaalbaar soos volg:**

Eenmalige betaling: Betaalbaar voor einde Januarie 2017 as volg:

Her-aansoek: (Leerders wat reeds in 2016 in koshuis was)
Eenmalige betaling van R17 000 (R400 afslag indien volle rekening betaal is, R100 deposito van 2016 in berekening gebring)

Nuwe aansoek: (Leerders wat vir die eerste jaar huisvesting kry in koshuis)
Eenmalige betaling van R15 500 (R400 afslag) (Deposito van R1 500 en aansoekfooi van R100 in berekening gebring indien u dit reeds betaal het)

OF

Per kwartaal:	**Eerste kwartaal**	**-**	**R7 000,00**
	Tweede kwartaal	**-**	**R6 600,00**
	Derde kwartaal	**-**	**R4 150,00**
	Vierde kwartaal	**-**	**R 350,00**

NB: Nuwe koshuisleerlinge betaal bo en behalwe die koshuisgelde, 'n bedrag van **R250 vir breekskade. Dit is 'n** eenmalige heffing en word **3 maande** na leerling koshuis verlaat het terugbetaal, indien daar geen breekskade was nie.

4 **Uitnaweke – Koshuis:**

Weens druk op die koshuise van arbeidsverhoudinge en toesig sal alle koshuise **gedurende uitnaweke gesluit** wees vanaf **Vrydagmiddag tot Sondagmiddag.** Leerders kan Sondagmiddae weer arriveer. Indien 'n probleem ondervind word, moet daar vroegtydig met die koshuis Superintendent of die Skoolhoof gereël word vir alternatiewe verblyf.

5 **Toevoeging van Add-Maths tot kurrikulum:**

As verryking tot Wiskunde as vak, wil ons die geleentheid bied vir al ons leerders wat na skool 'n graadkursus met Wiskunde by 'n Tersiêre inrigting wil volg, om hul wiskundevaardighede te verbeter.

Dit wil ons doen deur aan die wiskunde-leerders die geleentheid te gee om onderrig in Add-Maths te verkry by mev. E. Visagie. Sy sal na ure die leerders help in graad 10, 11 en 12 om die leerplan onder die knie te kry. Ons dank haar vir haar bereidwilligheid tot hierdie groot taak. Kostes hieraan verbonde sal self deur mev. Visagie aan leerders deurgegee word.

6 **OOV en Ondersteunersklub:**

Hartlike dankie:

Namens die Ouer Onderwyser Vereniging en Ondersteunersklub net 'n HARTLIKE DANKIE aan ieder en elk van ons ouers asook die personeel vir die afgelope jaar. Aan u wat ENIGE bydrae gemaak het met skenkings, verkope of hulp – dit word opreg waardeer. Dit was 'n baie suksesvolle jaar vir die OOV en die Ondersteunersklub. Ons het baie geleenthede gehad waar ons hard gewerk het en goeie vriende gemaak het. Die komitees doen 'n vriendelike maar dringende beroep op ons huidige ouers en ons nuwe ouers: *raak betrokke by Veltieland se aktiwiteite.* Vele hande maak ligte werk, ons doen alles vir Veltieland wat sal sorg dat ons kinders gehalte onderrig en sportgeleenthede ontvang.

7 **Inskrywings vir Gr. 10, 11 en 12 – Eindeksamen 2017:**

Hierdie inskrywings móét voor **31 Januarie 2017** geskied. Alle leerders moet die volgende dokumentasie inhandig by hul **registeronderwysers** gedurende **Januarie 2017.**

* Twee gewaarmerkte afskrifte van hul ID. Indien leerders nog nie oor 'n ID beskik nie, kan leerders wel twee gewaarmerkte afskrifte van hul geboorte- sertifikaat inhandig.

* Leerders van Namibië moet twee gewaarmerkte afskrifte van hul ID/Paspoort asook hul studiepermitte inhandig.

* Alle leerders wat wil kwalifiseer vir ekstra skryftyd of dat daar vir hul voorgelees moet word, moet 'n verslag van 'n skoolsielkundige inhandig. Let daarop dat hierdie verslag nie ouer as **1 Oktober 2016** mag wees nie.

8 **Senior Sertifikaat Uitslae 2016:**

Die uitslagadviese sal **Donderdag, 5 Januarie 2017 om 08:00** by die skool beskikbaar wees, by die **Skoolhoof se kantoor.** Kontaknommer vir navrae: 054-3388222.

Uitslae sal op **Donderdag, 5 Januarie 2017** in die koerant verskyn.

Uitslae kan ook verkry word vanaf *Vodacom sellulêre netwerk by 082 234 9006 en SABC Newsbreak by 082 152. Uitslae sal ook **op 5 Januarie 2017** op die internet beskikbaar wees by die adres: www.matric.co.za*

'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2017 word u en u gesin toegewens.

Duineveld Kersgroete.

R. VAN DER VYVER
SKOOLHOOF